

Lêerno.: 3/3/1/1/3
Verwysing: 20220308-467

Omsendbrief: 0012/2022

Vervaldatum: 30 September 2022

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore),
Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en
Beheerliggame

Kort opsomming: *Presidensiële Jeugindiensnemingsinisiatief – Fase III.*

**Onderwerp: Inwerkingstelling van Fase III van die Presidensiële Jeugindiensnemingsinisiatief-
(PJII-) projek**

1. Daar word verwys na Omsendbrief 0064/2021 van 13 Oktober 2021 oor die aanvang van Fase II van die PJII in die basiese onderwyssektor.
2. U bydrae tot die verskaffing van geleenthede aan die jeug om waardevolle ondervinding in die werkplek op te doen, word waardeur. Die terugvoering wat ontvang is oor die jeug se bydrae tot onderwysuitkomste in skole en hulle ondervinding van die geleenthede wat hulle gebied is, is ontsaglik positief.
3. Weens die positiewe terugvoering oor die impak en ondervinding van die jeug gedurende Fase II van die PJII het die Presidensie, wat deur die nasionale Tesourie ondersteun word, aangekondig dat Fase III van die program in die basiese onderwyssektor op 01 April 2022 sal begin en op 30 September 2022 sal eindig. Daar sal 21 000 geleenthede vir die jeug wees om assistentposte te beklee in skole dwarsdeur die provinsie wat deel van Fase II was asook skole wat aangedui het dat hulle deel van Fase III wil wees.
4. Fase II sal op 31 Maart 2022 eindig, soos in paragraaf 9 van die voorgenoemde omsendbrief gemeld. 'n Nuwe kontrak moet aan assistente gebied word vir die tydperk van Fase III se kontrak: 01 April 2022 tot 30 September 2022. Dieselfde gegewens oor kontrakte en ondersteunende dokumente soos vir Fase II verlang, moet by skole vir Fase III geboekstaaf word.

5. Skole moet kennis neem dat, alhoewel 'n nuwe kontrak aan alle assistente wat tans in Fase II in diens geneem is, gebied sal word, word die volgende voorwaarde op die nuwe kontrak wat aangebied word, geplaas:
 - 5.1 Skole moet 'n polisieklaringsbewys vir alle assistente wat in diens geneem is, besit. Indien bewys van 'n polisieklaringsbewys nie teen 21 Maart 2022 verskaf kan word nie, kan die assistent nie voordeel trek uit 'n nuwe kontrak wat op 01 April 2022 begin nie.
 - 5.2 Skole kan ook slegs kontrakte beëindig as daar onomstootlike bewys is dat 'n assistent nie wil voortgaan met die nuwe PIII III-geleentheid nie.
 - 5.3 Kontrakte mag nie weens prestasiekwessies geweier word as die regte proses nie deur die skool gevolg is om hierdie kwessies te bestuur en aan te spreek nie. Bewys van die proses sal skole beskerm teen moontlike uitgerekte Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie-prosesse as kontrakte nie hernu word nie.
6. Assistentie sal in hulle onderskeie aanstellingskategorieë tot die einde van September 2022 bly. Briewe sal ook aan skole uitgereik word waarin geleenthede vir assistente wat aan die skool vir Fase III toegeken is, weerspieël word.
7. Neem asseblief kennis dat voortgesette boekstaving van kontrakte, ondersteunende dokumente, bywoning, prestasie en finansie-verwante bewys van uiterste belang is, aangesien die projek onderworpe aan auditprosesse is.
8. Die doel van die PIII is vir assistente om waardevolle ondervinding in die werkplek op te doen asook om noodsaaklike vaardighede te verkry sodat assistente hulle kanse kan verbeter vir toegang tot geleenthede in die ekonomie nadat hulle indiensnemingskontrak tot 'n einde gekom het.
9. Ek glo dat die vrystelling van Fase III van die PIII baie sal bydra daartoe om party van die dringendste uitdagings in die onderwyssektor aan te spreek en om waardevolle ondervinding in die werkplek aan assistente te bied.

GETEKEN: B WALTERS

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2022-03-18